

Regspraak

ERKENNING VAN MEINEED AS SKULDOORSAAK IN DIE DELIKTEREG

Black v Joffe 2007 3 SA 171 (K)

1 *Inleiding*

Die heilsame invloed van 'n generaliserende (oftewel “elementologiese”), in teenstelling met 'n “kasuïstiese” benadering tot die reg insake onregmatige daad, blyk uit hierdie saak. Die stelling van Neethling, Potgieter en Visser (*Deliktereg* (2006) 5) dat “'n delikteregsisteem wat op algemene beginsels geskoei is, makliker veranderde omstandighede en nuwe situasies kan hanteer as een wat 'n kasuïstiese benadering volg”, word treffend geïllustreer deur die onderhawige uitspraak van regter Dlodlo.

Die starre verskil in die benaderings van die Anglo-Amerikaanse reg, enersyds, en die Suid-Afrikaanse reg met sy Romeins-Hollandse basis, andersyds, tot die vraag of 'n meinedige getuie deliktuele aanspreeklikheid kan opdoen vir nadeel veroorsaak deur sy/haar valse getuienis wat op kwaadwillige wyse gelewer is, kom hier aan die orde. Soos duidelik sal blyk, was die beleidsoorwegings wat in die Anglo-Amerikaanse reg 'n rol speel by die negering van enige vordering vir skadevergoeding ten gunste van iemand wat deur 'n getuie se meined benadeel word, nie oortuigend genoeg om die Kaapse hof te laat afwyk van 'n suiwer beginselfenadering, geskoei op die vraag na die blote aanwesigheid van die bekende vyf delikselemente van handeling, onregmatigheid, skuld, kousaliteit en nadeel nie (sien 183A-B). Die enigste beleidsoorwegings *in casu* het ter sprake gekom in die proses van oorweging van die aanwesigheid van die onregmatigheids- en juridiese kousaliteitsvereistes vir doeleindes van die verweerder (appellant) se moontlike deliktuele aanspreeklikheid teenoor die eiser (respondent).

2 *Feite*

Joffe (eiser; respondent) het in 1992 'n woonhuis gekoop van ene C ingevolge 'n geskrewe koopkontrak wat die gebruikelike voetstootsklausule bevat het. Voor hierdie transaksie het C sekere bouwerk op die eiendom laat verrig, te wete die aanbring van 'n stutmuur en die oprigting van 'n dek. Soos gebruikelik het C, in ooreenstemming met die gebruikelike stadsbepalings, 'n siviele ingenieur (E) aangestel om toesig te hou oor die bouwerk ten einde uiteindelik skriftelik te sertifiseer dat die werk na behore uitgevoer is en aan alle spesifikasies voldoen. Later sou dit blyk dat E nooit deur C of sy bouer, Black (verweerder; appellant), ontbied is vir enige inspeksies nie. Ten tye van sluiting van die koopkontrak was die eiser salig onbewus van die feit dat die vermelde bouwerk nie volgens die spesifikasies in die goedgekeurde bouplan verrig is en die voldoeningstifikaat as gevolg van daardie versuim nie uitgereik is nie. Enkele maande na registrasie van oordrag van die eiendom in die eiser se naam het die stadsraad sy aandag daarop gevestig dat die voldoeningstifikaat nog uitstaande is. (Wat die hof versuim het om te vermeld, is dat dit 'n oortreding is om 'n perseel te bewoon aler sodanige tifikaat verkry is en dat die betrokke stadsraad verskeie strafmaatreëls in werking kan stel teen die

bewoner van sodanige perseel wat nie 'n ingenieursertifikaat kan toon nie.) Vervolgens het die eiser vir E onmiddellik gekontak ten einde die gevraagde sertifikaat te bekom, maar E het daarop aangedring dat hy eers wou vasstel of die bouwerk volgens plan en spesifikasies verrig is. Die daaropvolgende ondersoek het onthul dat die werk niks anders as brouwerk was nie en dientengevolge was die eiser verplig om op eie koste uitgebreide verbeterings te laat aanbring, ten einde die voldoening-sertifikaat van E te verkry.

Die eiser in die huidige geding het vervolgens 'n kontraktuele eis teen C ingestel, maar soos te verwagte het laasgenoemde hom op die voetstootsklousule beroep. Die eiser se antwoord hierop was dat C bedrieglik nagelaat het om hom in kennis te stel van die ware toedrag van sake met betrekking tot die bouwerk en die afwesigheid van die voldoeningssertifikaat en dat hierdie bedrieglike versuim enige beroep op die voetstootsklousule uitgeskakel het, ooreenkomstig die normale reëls van die koopreg (sien *Van der Merwe v Meades* 1991 2 SA 1 (A)). Van kardinale belang is dat C sy bouer, die appellant in die huidige geding, as getuie geroep het om te bevestig dat hy wat C is van geen sout of water geweet het wat die gebreke in die perseel betref nie. Ofskoon die landdros nie beïndruk was deur die relaas van C of sy bouer nie en die saak ten gunste van die eiser beslis het, was C se appèl na die Kaapse hooggeregshof suksesvol omdat die hof C se getuienis, dat hy van die ware toedrag van sake onbewus was, wat deur die landdros verwerp is, aanvaar het. Regter Blignaut het in daardie uitspraak uitdruklik daarvan gewag gemaak dat dit 'n "important factor" was dat die bouer se getuienis C se weergawe van die feite bevestig het (sien 175B).

Met C uit die prentjie, het die eiser hom vervolgens tot die bouer gerig. Alhoewel regter Dlodlo die aksiegrond vir hierdie vordering verswyg, kan dit alleen op die grondslag van delik verduidelik word, aangesien die eiser hom op die "deliberate deviations from the approved building plans" (175E) beroep het. Tydens die verloop van hierdie geding in die landdroshof het die bouer, as verweerder, hom in sy verweerskrif onder andere daarop beroep dat hy destyds deur C opdrag gegee is om van die planne af te wyk. Uiteraard was hierdie bewering in direkte teësprak met sy getuienis in die vorige proses wat die eiser teen C ingestel het, welke getuienis, soos hierbo aangetoon, 'n belangrike invloed gehad het op die beslissing van die hooggeregshof in C se guns. Hierdie bewering was dan ook vir die eiser die spreekwoordelike manna uit die hemel. Hy het sy besonderhede van eis onmiddellik gewysig ten einde op grondslag van die bouer se meinedige getuienis skadevergoeding te vorder vir al die nadeel wat hy tot op datum gely het, te wete alle koste wat hy aangegaan het om die bouwerk op peil te bring, asook sy eie regs-koste en dié van C in die vorige hofgedinge, waarvoor hy moes pa staan (vgl 175C-D).

3 Uitspraak

3.1 Die hof *a quo*

Die landdros het beklemtoon (175G) dat daar geen presedent in ons reg vir die toestaan van skadevergoeding in 'n geval soos die onderhawige bestaan nie en daaraan toegevoeg:

"The *gravamen* of plaintiff's complaint is that defendant deliberately lied in the magistrate's court case, not that he was mistaken, confused, careless, unable to recall or otherwise subject to the normal problems associated with witnesses. I cannot see any grounds for not holding a person liable for a deliberate action which causes another loss. It will surely not be against public policy, not open

the floodgates of litigation, nor tend to discourage persons from testifying, if only deliberate mis-statements are targeted” (1751-J).

Regter Dlodlo se stelling direk na sy aanhaling van bovermelde passasie dat die “aforesaid finding by the court *a quo* was not appealed against” is uitermate verwarrend en laat ’n mens met ’n hopelose gevoel dat jy die draad heeltemal verloor het, totdat jy besef dat hy na die vroeëre uitspraak van die landdroshof in die saak van die eiser teen C verwys. Maar dan besef ’n mens dat die stelling nog meer verwarrend is, gesien die feit dat daar reeds ’n suksesvolle appèl teen daardie uitspraak aangeteken is! Hoe dit ook al sy, kan aanvaar word dat die landdros se beslissing ten gunste van die eiser, op grondslag van die veroorsaking van suiwer ekonomiese verlies deur die verweerder se meened, die objek van die verweerder se appèl is. Reeds op hierdie tydstip kan gesien word dat daar ’n praktiese uitbreiding van ons reg in hierdie verband erken is: Neethling, Potgieter en Visser (283) beskryf die eerste kategorie van gevalle van sogenaamde suiwer ekonomiese verlies waarvoor die uitgebreide *actio legis Aquiliae* in die moderne Suid-Afrikaanse deliktereg beskikbaar is, as “vermoënsverlies wat hoegenaamd nie die gevolg van saakbeskadiging of persoonlikheidskrenking is nie”. Indirekte vermoënskade deur meened veroorsaak kan dus nou saamgroepeer word met ander praktiese gevalle van skade veroorsaak deur byvoorbeeld wanvoorstelling en onregmatige mededinging (vir verdere uitbreidings van hierdie kategorie van suiwer ekonomiese verlies in die regspraak, sien Neethling, Potgieter en Visser 283 n 144).

3.2 Die Kaapse hooggeregshof

Die appellant se beroep word met beslistheid deur die hof van die hand gewys. Regter Dlodlo verwoord die uitspraak van die hof, ter samevatting, soos volg:

“In my view, all elements of a delictual claim were satisfied. I am particularly satisfied that there was malice on the part of the appellant. It is in the interests of justice that where all the elements of a delictual claim have been met and where malice on the part of the witness is found to have existed, such a witness must be held to be liable for the damages (*sic*) occasioned by his deliberate false testimony. It is my view therefore that this appeal stands to be dismissed ...” (186H-I).

4 Kritiese evaluering

4.1 Inleiding

Regter Dlodlo se uitspraak val in twee afdelings uiteen: sy spreekwoordelike afskop is met ’n taamlik uitgebreide regsvergelykende oorsig van ontwikkelinge “in foreign jurisdictions” (176B-179J). Die tweede hoof waaronder hy sy uitspraak lewer, betitel hy as “issues and submissions”, welke opskrif, om die minste te sê, as sodanig ietwat niksseggend is. Hierdie gedeelte vorm egter die kern van sy uitspraak, met die resultaat waarvan nie anders nie as instemming betuig kan word. Hierin word die optrede van die appellant getoets aan die vereistes wat ons deliktereg stel vir ’n bevinding dat daar aan die delikselemente voldoen is.

4.2 Die regsvergelykende ondersoek

4.2.1 Inleidende opmerking

Dit blyk dat die vreemde regstelsels waarna verwys word uitsluitlik dié van die Britse Eilande en die Verenigde State van Amerika is, wat uiteraard op die *common*

law gebaseer en geredelik in Engels beskikbaar is. Daar kan met stelligheid aanvaar word dat die hof vir sy vergelykende bronne moes steun op die voorbereiding van die appellant se advokaat, gesien die feit dat die behandelde regstelsels deur die bank ten gunste is van 'n benadering waarvolgens enige stelling wat 'n getuie in die loop van 'n regsgeding maak, die objek van 'n absolute privilegie (bevoorregte geleentheid) is. Soos aanstons aangetoon sal word, is daar 'n ander benadering in sommige moderne Europese regstelsels.

4.2.2 Die Engelse reg

Sonder uitsondering is die Engelse reg ten gunste van 'n benadering wat 'n getuie absolute beskerming bied vir stellings wat hy/sy in die hof (sowel as daarbuite, byvoorbeeld tydens voorbereidende gesprekke) maak. Alhoewel die meeste bronne hierdie reël in die konteks van 'n verweer teen 'n lastereis vermeld (vgl 178A; verder, buiten die bronne deur die hof aangewend: Deakin, Johnston en Markesinis *Markesinis and Deakin's Tort Law* (2003) 676-677; Rogers *Winfield and Jolowicz on Tort* (2006) 562-564) is die formulering daarvan van sodanige aard dat ons kan aflei dat hierdie absolute privilegie 'n struikelblok is vir enige eiser wat sy/haar vordering op die grondslag van "tort" baseer. Die hof verwys dan ook spesifiek (176D-F) na die samevatting in XXVIII *Halsbury's Laws of England* (4e uitg) par 98 wat hierdie posisie boekstaaf:

"No action lies, whether against Judges, counsel, jury, witnesses or parties, for words spoken in the ordinary course of any proceedings before any court or tribunal recognised by law. The evidence of all witnesses or parties speaking with reference to the matter before the court is privileged, oral or written, relevant or irrelevant, malicious or not."

Clerk and Lindsell on Torts (2006) 1000 (regter Dlodlo verwys na dieselfde passasie in die vorige uitgawe, maar verswyg die bladsynommer) reflekteer insgelyks die gedagte dat hierdie privilegie wyer as die lasterreg strek: "This immunity is immunity from any form of civil action."

Afgesien van die regspraak, behandel die meeste moderne Engelse handboeke hierdie geval van absolute privilegie in die konteks van staatsaanspreeklikheid, meer in besonder, die aanspreeklikheid van regters en ander regsprekende amptenare (uitsonderlik bevat McBride en Bagshaw *Tort Law* (2001) 431-433 'n afdeling onder die titel "Witness immunity"). 'n Mens kan hieruit aflei dat die beleidsoorwegings van die Engelse reg vir die beskerming van regsprekende amptenare vir alle praktiese doeleindes identies is aan die oorwegings wat die absolute beskerming van ander partye, soos getuies, onderlê. Om hierdie rede behoort alle bronne wat oor regterlike immuniteit handel, relevant te wees in die konteks van die immuniteit van getuies.

Regter Dlodlo haal verskeie Engelse beslissings aan waarin meer as een grondslag vir hierdie reël uiteengesit word (176B-178D). Ons kan hierdie grondslae aan die hand van sy uiteensetting soos volg sistematiseer:

- (a) Suiwer ideologiese beleidsoorwegings: Die funksionering van die houe sou erg in die wiele gery word indien 'n getuie onder die vrees moes leef dat hy/sy aanspreeklik gehou mag word vir stellings gemaak in die loop van die regsproses; selfs die meinedige getuie word beskerm, aangesien die afwesigheid van sodanige beskerming die deur sou oopmaak dat 'n eerlike getuie hom/haar sou moes verweer teen 'n bewering van meened (*Munster v Lamb* (1883) 11 QBD 588 607; *Marrinan v Vibart* 1962 1 All ER 869 871B; *Stanton*

v Callaghan 2000 1 QB 75 88; *Darker v Chief Constable of the West Midlands Police* 2001 1 AC 435 (HL) 464D).

- (b) Praktiese beleidsoorwegings: Indien die moontlikheid sou bestaan dat 'n getuie gedagvaar kan word op grondslag van sy/haar getuienis, sal dit in die eerste plek daarop neerkom dat die sluise van litigasie oopgetrek word en die waarheid of onwaarheid van wat beweer is weer en weer onder die loep geneem word – dit is teenstrydig met die praktiese oorweging dat die spreekwoordelike punt op 'n bepaalde tydstip agter elke saak geplaas moet word. In die tweede plek bevat die regsproses in sigself, byvoorbeeld deur die proses van kruisverhoor en konfrontasie van 'n getuie met ander getuienis, beskermingsmeganismes teen valse getuienis wat op onagsame of selfs kwaadwillige wyse gelewer is (*Roy v Prior* 1970 2 All ER 729 736b-c). In die derde plek dien die moontlikheid van 'n strafregtelike aanklag van meened noodwendig as afskrikmiddel teen meened (vgl *Meadow v General Medical Council* 2006 2 All ER 329).

In sy omvangryke regsvergelykende werk oor staatsaanspreeklikheid wys die Belgiese juris, Van Oevelen (*De Overheidsaansprakelijkheid voor het Optrede van de Rechterlijke Macht* (1987) 532), op nog 'n praktiese rede vir die Engelse houding: “Het aangewezen middel om rechtsherstel te verkrijgen voor een beweerde rechterlijke vergissing is immers het instellen van hoger beroep bij een hoger rechtcollege.”

Soos hierbo daarop gesinspeel is, sou ons hierdie argument eweneens kon aanwend in die konteks van 'n getuie. Indien die ware feite na vore sou tree, sou dit as nuwe feite wat na die vorige proses aan die lig gekom het, aan 'n hof van hoër beroep voorgelê kon word. Die praktiese faktor wat toepassing van hierdie motivering meestal oneffektief sal maak wanneer dit oor 'n getuie, in teëstelling met 'n regterlike beampte, gaan, is dat die leuenagtigheid van die getuienis in die gewone loop van sake eers aan die lig sal kom nadat die tyd vir die aantekening van appèl verstryk het (soos beslis in die onderhawige uitspraak die geval is).

4.2.3 Die Skotse reg

In sy bondige oorsig van die Skotse reg (178D-F) wys regter Dlodlo wys daarop dat die regsposisie in daardie land identies aan dié in die Engelse reg is. Die oorwegings vir die reël van absolute immunititeit van 'n getuie stem insgelyks met die twee hoofoorwegings van die Engelse reg ooreen (*Trapp v Mackie* 1979 1 All ER 489; *Karling v Purdue* 2004 SLT 1067).

4.2.4 Die Ierse reg

Dat die Engelse *common law* ook 'n magtige invloed in hierdie verband in die Ierse Republiek uitgeoefen het, blyk glashelder uit die hof se oorsig (178G-179D). Dieselfde grondslae vir die bestaan van die absolute immunititeit van 'n getuie duik ook op (*Looney v Bank of Ireland* 1996 1 IR 157). Dit blyk egter dat daar in hierdie regsstelsel 'n ligte klemverskuiwing plaasgevind het, waarvolgens die individuele belang tog erken word as iets wat grondwetlike beskerming waardig is, alhoewel daar in dieselfde asem uitgespel word dat “finality in the judicial process” ook grondwetlike erkenning waardig is en in beginsel swaarder weeg as die eersvermelde individuele belang (*EO'K v MN, PC, Erinville Hospital and the Southern Health Board* 2001 3 IR 568). Die individuele belang het in 2004 uitdruklike erkenning verwerf deur die invoering van die *Civil Liability and Courts Act* 31 van 2004 waarin 'n nuwe aksie-

grond van “giving false evidence” geskep is (r Dlodlo verwys na ’n “new offence” in hierdie verband (179D), waar hy sekerlik die term “cause of action” of “tort” eerder kon aanwend – meened is tog sekerlik al sedert oudsher ’n “offence” in Ierland).

4.2.5 Die reg van die Verenigde State van Amerika

Die hof se bondige behandeling (179E-J) van die regsposisie in hierdie staat laat blyk dat die invloed van die *common law* hier ook uitermate sterk is. As algemene uitgangspunt geld dat ’n getuie algehele privilegie geniet, tensy daar ’n statutêre maatreël tot die teendeel bestaan (soos die geval is in die deelstaat Maine). Die *supreme court* het selfs ’n praktiese ontleding van die tradisionele suiwer ideologiese beleidsoorweging verskaf in *Briscoe v LaHue* 460 US 325 (1983) (103 S Ct 1108; 75 Led 2d 96), wat die agterliggende vrees wat die reël ten grondslag lê, paslik na vore bring:

“A witness’s apprehension of subsequent damages liability might induce two forms of self-censorship. First witnesses might be reluctant to come forward to testify. And once a witness is on the stand, his testimony might be distorted by the fear of subsequent liability.”

In *US v Parra-Garcia* 2001 10CIR 13 242 F3d 392 word ’n oorsig van motiveerings vir die privilegieërs verskaf wat al die beleidsoorwegings van die Engelse reg bevat, dog een nuwe motivering byvoeg: “lack of precedent for such actions”. Dat hierdie motivering weinig om die lyf het, behoef eintlik geen betoog nie, want anders sou alle reg staties gebly het!

4.2.6 Slotopmerking

Regter Dlodlo knip sy oorsig oor die Anglo-Amerikaanse reg kort met sy laaste aanhaling uit *US v Parra-Garcia*. Dit laat ons met die vraag: Waarom het hy ter aanvang die stelling gemaak: “I consider it prudent to refer to what obtains in other countries” (176A)? Sekerlik het die argumente vir die bestaan van die absolute privilegie van ’n getuie in die vermelde regstelsels ’n mate van meriete. In die lig van die hof se (goedkeurenswaardige) versuim om die Anglo-Amerikaanse privilegieërs te aanvaar, verwag mens dat redes gegee sou word waarom ons regstelsel ’n ander reël in hierdie verband nahou. Nou hang alles net so in die lug! Mens soek ook tevergeefs in die res van die uitspraak na redes waarom die Anglo-Amerikaanse dispensasie nie ontvanklik in Suid-Afrika sou wees nie. In die lig van artikel 39(1)(c) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika van 1996 wat ’n hof die bevoegdheid gee om vreemde reg te oorweeg, sou mens des te meer verwag dat die hof iets meer moes byvoeg tot sy regsvergelijkende oorsig. Die ongelukkige, finale indruk in hierdie verband (veral vir die leser met jarelange akademiese ondervinding) is dat die regsvergelijkende deel van die uitspraak niks meer is as ’n bietjie “stuffering” (“padding”) wat bloot om redes van omvang ingesluit is nie.

Veel nuttiger sou ’n regsvergelijkende ondersoek na moderne Europese stelsels gewees het. Alhoewel ’n aantekening van hierdie aard nie werklik die geleentheid bied vir ’n indringende ontleding van meerdere regstelsels nie, kan bondig verwys word na die volgende stelsels wat wel ’n mate van persoonlike aanspreeklikheid van regsprekende amptenare erken, na analogie waarvan afleidings oor die persoonlike aanspreeklikheid van getuies gemaak kan word:

- (a) In België verleen artikel 1140 *Ger W* ’n verhaalsreg vir skadevergoeding teen die regter indien hy, onder andere, “zich aan bedrog of list schuldig heeft gemaakt” (Van Oevelen 382 ev; vgl in die algemeen die meer resente bydrae van

dieselfde skrywer in 2004 TPR 905-943 waarin 'n waardevolle vergelyking van die uitsprake van die Belgiese *hof van cassatie* en die Europese *hof van justitie* getref word).

- (b) In Nederland is die dispensasie soortgelyk aan dié in die Anglo-Amerikaanse reg: dit blyk dat die beleidsoorwegings wat normaalweg in laasgenoemde stelsel as motivering vir die absolute regterlike immunitêit aangevoer word, hier ook algemene erkenning verdien. Van Oevelen (568 ev) verskaf waardevolle gegewens in hierdie verband, veral waar hy daarop wys dat tydgenootlike outeurs krities staan teenoor die huidige reëling. Hier is veral SCJJ Kortmann (*De Civielrechtelijke Aansprakelijkheid voor Onjuiste Wetsuitleg* (1985) 36-7) se kritiese beskouing insake die regter se persoonlike aanspreeklikheid waardevol. Hy staan naamlik persoonlike aanspreeklikheid voor in die geval van “opzet of grove schuld (nalatigheid)”. Net soos sy broer, CAJM Kortmann (1974 *Rechtspleging* 95 100 ev), staan hy krities teenoor die tradisioneel aanvaarde beleidsoorwegings wat deliktuele aanspreeklikheid ontken. Kennisname van hierdie outeurs se stawende argumente sou die waarde van enige uitspraak oor die aangeleentheid in 'n Suid-Afrikaanse hof verhoog.
- (c) In Frankryk word onderskei tussen 'n regterlike amptenaar se “faute de service” (nalatigheid in diensverband) waarvoor alleen die staat aanspreeklik is, en “faute personnelle” (persoonlike nalatigheid) waar die amptenaar self die aanspreeklikheid dra vir nadeel veroorsaak deur 'n handeling “die van de dienst kan worden losgemaakt” (Van Oevelen 608). 'n Handeling kan “intellektueel” of “psigologies” van die regsprekende amptenaar se diens losgemaak word, indien die amptenaar “met een kwaadwillige of bedrieglike oogmerk heeft gehandelt, hetzij omdat hij persoonlijke belangen heeft nagestreefd, hetzij omdat hij een bijzonder zware en onverschoonbare fout heeft begaan” (Van Oevelen 609). Opmerklik is dat die privilegie volgens Franse reg selfs in die geval van growwe nalatigheid wegval.
- (d) In die Duitse Bondsrepubliek reël die *Staatshaftungsgesetz* van 1981 die regsposisie ten aansien van sowel die middellike aanspreeklikheid van die staat, as die persoonlike aanspreeklikheid van regterlike amptenare. Daar word die amptenaar beskerm, deurdat hy/sy nie direk deur 'n benadeelde aangespreek kan word nie, dog slegs via 'n regresvordering vanaf staatskant, indien die staat aanspreeklik is op grond van die betrokke amptenaar se opset of growwe nalatigheid (Van Oevelen 513). Hierdie besondere reëling in die kader van middellike aanspreeklikheid van die staat maak die Duitse reg in hierdie opsig vir huidige doeleindes minder gereedelik toepasbaar op die posisie van 'n getuie.
- (e) In Italië bevat artikel 55 van die *Codice di Procedura Civile* 'n reëling wat soortgelyk is aan die posisie in België. Daarvolgens doen die regterlike amptenaar aanspreeklikheid op vir nadeel wat deur sy/haar uitspraak veroorsaak is, onder andere “wanneer hij zich in de uitoefening van zijn functies schuldig maakt aan bedrog, list of knevelarij ...” (Van Oevelen 514). Kennisname van die reëlings van die Italiaanse reg sal in huidige verband dus ook sinvol wees met die oog op die analoë aanspreeklikheid van 'n getuie.

4.3 Die hof se toepassing van normale deliktsbeginsels

4.3.1 Voorlopige opmerking

Dit blyk duidelik dat die hof die appellant se optrede as getuie in die lig van die generaliserende benadering tot deliktuele aanspreeklikheid toets aan die aanwesigheid

van die erkende elemente van deliktuele aanspreeklikheid (183A-B). Regter Dlodlo verklaar in soveel woorde dat hy hom slegs in sekere elemente wil verdiep (183C): “I intend to discuss wrongful conduct and the causal link as they relate to the facts of this case. The other delictual requirements will merely be referred to in passing because they appear to be self-evident.” Hierna wy hy inderdaad sy uitspraak aan die algemene beginsels van onregmatigheid (183C-185A) en feitelike kousaliteit (185A-186B), maar voeg dan, byna as ’n nagedagte (en in stryd met sy uitdruklike voorneme hierbo vermeld), ’n bespreking van die drie verskyningsvorms van opset daaraan toe (186B-E). Hieruit is af te lei dat die regter nie werklik van oordeel was dat sy voorafgaande behandeling van die problematiek, nadat hy sy regsvergeelykende oorsig afgehandel het (180A-182J), iets met die elemente van deliktuele aanspreeklikheid te make het nie. In werklikheid val daardie voorafgaande behandeling vierkant binne die kader van ’n oorsig van sowel kousaliteit (180A-181B; weliswaar met verwysing na sekere beginsels van die bewysreg wat betrekking het op vasstelling van die feitelike kousale verband tussen die appellant se optrede en die respondent se nadeel) as onregmatigheid (181B-182J; waar die Suid-Afrikaanse posisie ten aansien van ’n getuie se privilegie met die Engelse posisie gekontrasteer word). Dit wil voorkom of die regter hier in die slagyster van die Engelse kasuïstiese benadering getrap het, daar hy oënskynlik nie voor oë hou dat ’n evaluering van die Suid-Afrikaanse verweer van gekwalifiseerde privilegie niks anders is as ’n evaluering van ’n regverdigingsgrond, wat wesentlik op ’n bespreking van die onregmatigheidselement neerkom nie. (Sien hier veral Van der Merwe en Olivier *Die Onregmatige Daad in die Suid-Afrikaanse Reg* (1989) 407 wat tereg aantoon dat die getuie “by daardie geleentheid die bevoegdheid gehad het om die betrokke bewering te maak en derhalwe nie onregmatig gehandel het nie”.) Alhoewel instemming dus betuig kan word met die hof se algemene benadering, is dit betreurenswaardig dat die sistematiese uiteensetting van die uitspraak in hierdie opsig veel te wense oorlaat.

4.3.2 Die onregmatigheidsvraag

Om naastenby te hou aan die chronologiese uiteensetting van die uitspraak, sal eerstens stilgestaan word by die hof se oorweging van getuieprivilegie as onregmatigheidsuitsluitingsgrond. Regter Dlodlo gee toe dat daar veel meriete is in die Engelsregtelike suiwer ideologiese beleidsoorweging wat ten grondslag lê van daardie regstelsel se erkenning van absolute privilegie (181D), maar haal dan ’n reeks Suid-Afrikaanse beslissings aan om aan te toon dat die getuieprivilegie ooreenkomstig ons reg gekwalifiseerd (relatief) is, met ander woorde waar die woorde *prima facie* bevoorreg is, dog die eiser toegelaat word om aan te toon dat die verweerder die perke van sy bevoegdheid oorskry of sy privilegie misbruik het (vgl Van der Merwe en Olivier 407; Neethling, Potgieter en Visser 331). Die hof formuleer die wyses waarop ’n getuie sy bevoegdheid kan oorskry, soos volg: “This qualified privilege protects the witness until it is shown that the limits of the privilege have been exceeded, by proof on the part of the plaintiff that the witness made a defamatory statement, actuated by malice or an intent to injure or insult him or her” (181J).

Die beslissings waarop gesteun word, in die volgorde waarin hul in die uitspraak aangehaal word, (*Rubel v Katzenellenbogen* 1915 CPD 627; *Macgregor v Sayles* 1909 TS 553; *Preston v Luyt* 1911 EDL 298; *Dippenaar v Hauman* 1878 Buch 135; en *Norden v Oppenheim* 3 Menz 42) handel sonder uitsondering oor bevoorregte geleentheid in die konteks van die lasterreg, maar die formulerings van die relevante aanhalings is in algemene terme gestel. Daar bestaan geen praktiese of regsweeten-

skaplike rede waarom die werking van hierdie regverdigingsgrond tot 'n verweer teen 'n lastereis beperk sou word nie.

Die formulering van die hof wat betref die feit dat die verweerder buite die perke van die regverdigingsgrond optree as hy met kwade motief (“malice”) optree, word ongelukkig vertroebel deur die byvoeging van die woorde “or an intent to injure or insult ...”. Kwade motief (*malice, spite, ill-will of animus nocendi* (vgl *D* 39 3 1 12)), wat 'n welerkende determinant van onregmatigheid kan wees, soos in die onderhawige geval, is ten ene male nie 'n sinoniem vir opset in tegniese sin (*intent of dolus malus*) nie. Hierdie gelykstelling van ongelyksoortige begrippe verskaf die waarskynlike verduideliking vir regter Dlodlo se bondige slotbespreking van die opsetelement waarin hy tot die gevolgtrekking geraak het dat die appellant van *dolus eventualis* verwytd kan word (186C-E; dit kom meerdere male voor dat hulle aan hierdie verwarring tussen 'n dader se motief en opset skuldig maak: vgl, in die konteks van opsetlike wanvoorstelling, *Boswell v Minister of Police* 1978 3 SA 268 (E) 273-275; sien ook Van der Walt en Midgley *Principles of Delict* (2005) 90). Indien 'n ander aspek van die hof se benadering tot die elementologiese benadering van deliktuele aanspreeklikheid voor oë gehou word, naamlik die (suiwer regs wetenskaplik korrekte) stelling dat “the wrongfulness element is antecedent to the requirement that the appellant’s conduct must have been intentional or negligent” (183D), blyk dit glashelder dat regter Dlodlo nie werklik van mening kon wees dat *opset* (as delikselement) aan die kant van die appellant hom van die beskerming van die betrokke *regverdigingsgrond* ontnem het nie. Uiteraard sal die aanwesigheid van 'n kwade motief by 'n verweerder 'n sterk aanduiding verskaf dat die skuldvorm opset by hom/haar aanwesig is, maar dit impliseer ten ene male nie dat kwade motief en opset regs wetenskaplik sinoniem is nie. (Oor die resente debat aangaande die vraag of skuld ooit 'n determinant van onregmatigheid kan wees, vgl veral Fagan 2005 *SALJ* 90; Neethling 2006 *SALJ* 204 en Neethling en Potgieter 2007 *THRHR* 120.)

Mens sou logieserwys verwag dat 'n bevinding dat die appellant buite die grense van die regverdigingsgrond van relatiewe priviligie opgetree het, die gevolgtrekking sou regverdig dat hy inderdaad onregmatig opgetree het. Die hof verkies egter om, as toevoeging, die algemene benadering van ons reg insake die beoordeling van die onregmatigheidsvereiste te bespreek. As bewys vir die feit dat die redelikhedskriterium by onregmatigheid 'n “general criterion of reasonableness” is, word 'n beroep gedoen op die rigtinggewende *Government of the Republic of South Africa v Basdeo* 1996 1 SA 355 (A) 367E-G. Ten einde die onderskeid tussen die redelikhedskriteriums vir onregmatigheid en nalatigheid uit te lig, sowel as om aan te dui wanneer dit vir 'n hof paslik is om deliktuele aanspreeklikheid uit te brei tot gevalle waar dit nie voorheen bestaan het nie, word 'n beroep gedoen op *Trustees, Two Oceans Aquarium Trust v Kantey & Templer (Pty) Ltd* 2006 3 SA 138 (HHA) 144E-H (182E-J). Alhoewel dit nêrens in die uitspraak gesê word nie, skep die hele strekking van die verdere behandeling van die onregmatigheidsvereiste die indruk dat die hof uitermate versigtig is om te voorkom dat deliktuele aanspreeklikheid uitgebrei word tot gevalle wat beleidsteenstrydig sou wees. Ons kan die verloop van die hele uitspraak soos volg verduidelik. Die bevinding van afwesigheid van die regverdigingsgrond van getuiepriviligie regverdig 'n *voorlopige* afleiding dat die appellant aanspreeklik kan wees teenoor die respondent; maar aangesien ons hier by uitstek met 'n moontlike geval van aanspreeklikheid vir die veroorsaking van *suiwer ekonomiese verlies* te make het ('n gedagte wat sonder twyfel in regter Dlodlo se agterkop gesweef het, alhoewel hy nooit die term *pure economic loss* vermeld nie) en ons reg die beskouing handhaaf dat die veroorsaking van dusdanige

verlies *prima facie* regmatig is (*Arthur E Abrahams & Gross v Cohen* 1991 2 SA 301 (K) 308; *Lillicrap, Wassenaar & Partners v Pilkington Bros (SA) (Pty) Ltd* 1985 1 SA 475 (A) 500) is dit belangrik om vas te stel of daardie moontlike aanspreeklikheid nie moontlik in die lig van heersende beleidsoorwegings onvanpas sou wees nie. Indien dit nie die geval blyk te wees nie, staan dit die hof vry om *finale* tot die gevolgtrekking te kom dat die appellant teenoor die respondent aanspreeklik is. Trouens, soos hierbo (afd 3.2) daarop gewys, het die hof *in casu* tot sodanige finale gevolgtrekking geraak.

Die geval van veroersaking van suiwer ekonomiese verlies hier ter sprake is hierbo (afd 3.1) beskryf as 'n voorbeeld van wat Neethling, Potgieter en Visser (283) 'n eerste kategorie noem – daar is geen saakbeskadiging of direkte inbreuk op 'n persoonlikheidsreg nie. Hoogstens het ons hier die inbreukmaking deur die appellant op die respondent se kontraktuele vorderingsreg wat laasgenoemde teenoor C gehad het (vgl *Franschoekse Wynkelder(Ko-operatief) Bpk v SAR & H* 1981 3 SA 36 (K); *Coronation Brick (Pty) Ltd v Strachan Construction Co (Pty) Ltd* 1982 4 SA 371 (D)). Die normale wyse waarop daar egter in die praktyk vasgestel word of die veroersaking van suiwer ekonomiese verlies vir doeleindes van deliktuele aanspreeklikheid onregmatig is, is om te vra of daar in die lig van die regsdoelstelling van die gemeenskap of *boni mores* 'n regsplig op die verweerder gerus het om ekonomiese verlies te voorkom (Neethling, Potgieter en Visser 284, veral gesag in n 152 aangehaal). Regter Dlodlo verkies egter om die appellant se moontlike onregmatige optrede in die onderhawige geval vanuit die perspektief van die *Coronation*-saak (380A-B), een van die belangrikse uitsprake in die kader van aanspreeklikheid vir die veroersaking van suiwer ekonomiese verlies, te beoordeel, waar albei benaderings goedgekeur word: “Simply put, the question is whether the appellant’s conduct interfered with the respondent’s subjective right in a legally unacceptable way or constituted the breach of a duty owed by the appellant to the respondent (recognised in law for purposes of liability)” (184C). In werklikheid blyk dit egter dat hy geneë voel tot die beskouing dat onregmatigheid in hierdie geval eerder in die verbreking van 'n regsplig geleë is: “I agree ... that the conduct complained of in the instant matter was wrongful in that it constituted the breach of a duty owed by the appellant to the Court which is recognised in law for purposes of liability, namely, the duty to refrain from telling deliberate untruths during his testimony” (184J).

Na my oordeel kan hier egter gekonstateer word dat die werklike regskenning vir doeleindes van die respondent se vordering plaasgevind het ten koste van die respondent self. Privaatregtelik is die “duty owed by the appellant to the Court” hoogstens van belang as 'n rigtingwyser na die bestaan van sodanige regsplig teenoor die benadeelde party. Dit is waarskynlik wat die hof met sy uiteensetting bedoel het.

Neethling, Potgieter en Visser (270-273) verskaf, in die lig van die moderne regspraak, nie minder nie as sewe faktore (wat volgens die skrywers nie 'n *numerus clausus* verteenwoordig nie) wat in hierdie verband deur ons howe as belangrik geag word by aanwending van die *boni mores*-kriterium. Vervolgens sal die vermelde faktore op regter Dlodlo se uiteensetting van toepassing gemaak word:

- (a) *Kennis aan die appellant se kant*: Die bestaan van 'n onbehoorlike motief aan die appellant se kant veronderstel dat hy kennis gehad het van die moontlike effek van sy valse getuienis. Onder hierdie hoof kan die effek van kwaadwilligheid ook tuisgebring word – dit is 'n sterk aanduiding van onregmatige optrede (184D-H).
- (b) *Praktiese maatreëls wat die appellant kon tref om die respondent se skade*

te voorkom: Die appellant moes eenvoudig geloofwaardig getuig het. Dit was dus vir hom heel eenvoudig om die respondent se nadeel te voorkom. Die hof beklemtoon in hierdie konteks dat daar niks beleidstrydig is om van 'n getuie te verwag om geloofwaardig te getuig, in die sin dat dit 'n persoon sou afskrik om as getuie na vore te tree nie (184I-J).

- (c) *Professionele kennis en aanleg*: Hierdie faktor is normaalweg relevant wanneer 'n verweerder uit hoofde van sy bekleding van 'n bepaalde profesie optree (en die reël van “imperitia culpae adnumeratur” toepaslik is). Dit is in ons geval waarskynlik minder relevant, alhoewel daar nie uit die oog verloor moet word nie dat die feit dat die appellant 'n professionele bouer is, hom sekerlik meer bewus sou maak van die potensiele nadeel van sy meened (sien 174H-J vir 'n verwysing na sy stellings wat die eerste hof *a quo* teen die respondent laat beslis het).
- (d) *Omvang van die risiko van ekonomiese verlies vir die benadeelde*: Hierdie faktor is aanduidend van die behoefte aan beskerming in 'n besondere situasie. Hierdie faktor figureer waarskynlik as 'n *reservatio mentalis* by regter Dlodlo wanneer hy die normale ideologiese beleidsoorweging vermeld dat getuies nie afgeskrik moet word om te getuig deur die moontlikheid van 'n skadevergoedingsaksie nie, dog onmiddellik daarop wys dat “perjury is a very different thing” (184I): die appellant wat meened pleeg stel ongetwyfeld die respondent aan die risiko van benadeling bloot.
- (e) *Die moontlikheid van onbeperkte nadeel waarvoor die dader aanspreeklikheid kan opdoen, of 'n vermenigvuldiging van aksies*: In werklikheid is hierdie die basisgedagte onderliggend aan die Anglo-Amerikaanse praktiese beleidsoorwegings vir die erkenning van 'n absolute getuieprivilegie. Regter Dlodlo se volgende algemene stelling dui daarop dat hy hierdie faktor glad nie as 'n beperking sien nie: “There is most certainly no consideration of public policy, fairness and equity which indicates that a remedy should be denied” (184I). (Na hierdie stelling sou 'n mens in alle billikheid kon verwag dat hy redes moes verskaf waarom ons reg ten opsigte van hierdie aspek beleidmatig van die Anglo-Amerikaanse reg verskil.)
- (f) *Die feit dat 'n statutêre bepaling uitdruklik of by noodwendige implikasie voorskryf dat 'n dader nadeel moet voorkom*: Die hof vermeld in soveel woorde dat daar geen statutêre maatreeël bestaan wat 'n deliktuele vordering vir meened erken nie, ten spyte daarvan dat dit as 'n misdaad erkenning geniet (182D; sien ook 184F waar meened as 'n “species of fraud” beskryf word, wat bevestig dat dit inderdaad korrek is om hierdie geval te behandel as een van die veroorsaking van suiwer ekonomiese verlies, gesien die feit dat bedrog (wanvoorstelling) in meeste gevalle as 'n *species* van hierdie delik beskou kan word: vgl Neethling, Potgieter en Visser 289; Van der Walt en Midgley 90). Hierdie faktor val in huidige konteks dus nie ter oorweging nie. (Dit kom ietwat ongewoon voor dat regter Dlodlo dit goeddink om in hierdie verband 'n interne publikasie van 'n prokureursfirma tot regsbron te verhef (sien sy verwysing na Fletcher in 'n publikasie van Cliffe Dekker Ing (17 Feb 2005). Gewoonlik word dit nie as erkende kenbronne van die reg voorgehou nie.)
- (g) *Verskeie ander faktore*: Meeste van dié wat Neethling, Potgieter en Visser vermeld, is nie van toepassing op die onderhawige geval nie, met uitsondering van twee: eerstens, die omvang van die regsplig wat onder soortgelyke omstandighede op ander persone in die dader se posisie geplaas sou word (hier pas die hof se ontkenning dat daar 'n beleidsbeswaar teen erkenning van die appellant se regsplig bestaan, goed in (184I; sien (d)-(e) direk hierbo)); twee-

dens, dat nie-erkenning van 'n regsplig ten gunste van 'n benadeelde 'n ernstige leemte in die reg sal laat (hierdie faktor duik nêrens in soveel woorde op nie, dog die samevattende slotparagraaf (186H-I; sien die aanhaling onder 3.2 hierbo) bevat woorde wat hierdie faktor by noodwendige implikasie na vore bring). (Ongelukkig blyk die hof konstant verward te wees tussen die terme “damage” (skade) en “damages” (skadevergoeding): sien die direk voorafgaande verwysing “liable for the damages occasioned”, asook “suffered damages” (175B); “damages which had flowed” (175F); en “damages suffered” (186F).)

4.3.3 Die kousaliteitsvraag

Alhoewel die hof op die verskil tussen feitelike en juridiese kousaliteit wys (185B, met 'n beroep op *Minister of Police v Skosana* 1977 1 SA 31 (A) 34F-H), is die feitelike kousaliteitskwessie enkel en alleen die onderwerp van regter Dlodlo se bespreking in hierdie verband. Die vraag is naamlik of die meinedige verklaring van die appellant (wat die regter spesifiek as 'n *commissio* bestempel – 186E), die respondent se nadeel veroorsaak het. Vir die vasstelling hiervan pas die hof die gebruiklike *conditio sine qua non*-toets *eo nomine* (185D) toe. Van uitermate groot belang is dat regter Dlodlo die metodiek ter vasstelling van feitelike kousaliteit, soos beskryf in *International Shipping Co (Pty) Ltd v Bentley* 1990 1 SA 680 (A) 700G-H, as praktiese werkswyse aanvaar ten einde vas te stel of die appellant die respondent se nadeel feitelik veroorsaak het:

“In order to apply this test one must make a hypothetical enquiry as to what probably would have happened but for the wrongful conduct of the defendant. This enquiry may involve the mental elimination of the wrongful conduct and the substitution of a hypothetical course of lawful conduct and the posing of the question as to whether upon such an hypothesis plaintiff's loss would have ensued or not. If it would in any event have ensued, then the wrongful conduct was not a cause of the plaintiff's loss; *aliter*, if it would not have so ensued.”

Daar word normaalweg geleer dat die vraag na vasstelling van 'n feitelik kousale verband in die geval van 'n positiewe onregmatige dadigheid (soos in hierdie geval) beantwoord word deur die betrokke dadigheid “weg te dink”, terwyl ons in die geval van 'n onregmatige *omissio* regmatige optrede moet “indink” en dan moet vra of die gewraakte gevolg nog sou intree. Indien dit wel die geval sou wees, kan daar afgelei word dat 'n kousale verband ontbreek; sou die gevolg uitbly, dan is die afleiding geregverdig dat die betrokke optrede die gevolg feitelik veroorsaak het. Neethling, Potgieter en Visser (168 net soos Van der Walt en Midgley 198) gebruik dieselfde aanhaling uit die *Bentley*-saak hierbo aangehaal ter ondersteuning van die normale werkswyse. In die lig hiervan is regter Dlodlo se toepassing van die praktiese metode wat in die *Bentley*-saak beskryf word op die onderhawige feite merkwaardig: “It is not therefore the correct approach to consider the matter on the basis of what would have happened had the defendant not testified and not to consider it on the basis of what would have happened had the appellant told the truth” (185I-J).

Alhoewel die regter nadruk plaas op die feit dat daar 'n verskil tussen die benaderings tot feitelike kousaliteit in die gevalle van 'n *commissio* en 'n *omissio* bestaan (185J), weerspieël sy werkswyse effektiewelik die *omissio*-metodiek: hy “dink” nie die appellant se getuieverklarings bloot “weg” nie, dog “dink” in wese getuieverklarings van die appellant “in” wat waar is. Op basis daarvan kom hy tot die gevolgtrekking dat die appellant se meinede die *causa sine qua non* vir die respondent se skade was, omdat geloofwaardige getuienis deur die appellant sou uitwys

dat C op bedrieglike wyse die gebreke in die eiendom verswyg het (nadat hy selfs vir appellant opdrag gegee het om van die bouplanne af te wyk) en die werking van die voetstootsklousule daardeur elimineer sou gewees het, wat sou beteken het dat die respondent in sy aanvanklike eis teen C sou geslaag het. 'n Belangrike faktor in hierdie verband is dat die Kaapse hooggeregshof in die appèl tot die respondent se eerste proses teen C, opgemerk het dat dit 'n "important factor" was "that Black's [appellant] testimony corroborated that of Mr Conlin [C]" (175B). Indien die hof die appellant se getuienis *in toto* sou wegdink, sou dit op dieselfde neerkom asof hy nooit as getuie geroep is nie. Dan sou die hof gekonfronteer gewees het met vasstelling daarvan of die valse getuienis van C alleen die hooggeregshof tot dieselfde beslissing ten gunste van C laat kom het. Mens sou jou kon voorstel dat sodanige werkswyse die appellant in die onderhawige geval moontlik kon bevoordeel. Suiwer logika skryf egter voor – en dit is die rigting wat deur die hof ingeslaan is – dat die "wegdink"-aksie ten aansien van die meinede die eliminasië van die *ongeloofwaardigheid* van die getuienis is en nie die eliminasië van die getuienis *in toto* nie. Die onherroeplike afleiding hieruit is dat die "wegdink"-metodiek vir vasstelling van feitelike kousaliteit waar die gewraakte optrede 'n *commissio* is, tóg 'n verdere "indink"-komponent bevat: *in casu* dat die appellant *ware* getuienis gelewer het. Hierdie feit word nie in soveel woorde in die aangehaalde standaardhandboeke uitgewys nie (vgl egter Van Rensburg 1977 *TSAR* 101 106; Boberg *The Law of Delict* (1984) 384 ev). Wat myns insiens in hierdie geval 'n deurslaggewende rol gespeel het om die hof tot sy metode te oorreed, is die feit dat dit hier gaan om 'n geval van moontlike aanspreeklikheid vir die veroorsaking van suiwer ekonomiese verlies, waar onregmatigheid normaalweg gesoek word in die verbreking van 'n regsplig om ekonomiese verlies vir 'n ander te voorkom (Neethling, Potgieter en Visser 285). Dit vertoon ooreenstemming met die vasstelling van onregmatigheid in die geval van 'n late (vgl Neethling, Potgieter en Visser 54; Van der Walt en Midgley 84). As algemene stelling wil dit dus voorkom of dit suiwerder is om te konstateer dat die "indink" – metodiek vir vasstelling van feitelike kousaliteit aanwending geniet in elke geval waar onregmatigheid primêr geleë is in die verbreking van 'n regsplig, eerder as slegs in die geval van 'n late as moontlike *causa* van die gewraakte gevolg.

5 Slot

Ten spyte van enkele gebrekkige aspekte in die uitspraak waarop hierbo gewys word, verdien regter Dlodlo beslis 'n pluimpie vir die resultaat van sy arbeid: die oënskynlik sterk argumente wat daar in die Anglo-Amerikaanse reg vir die erkenning van 'n absolute privilegie ten gunste van getuies bestaan, het die hof nie tot die toepassing van kasuïstiek verlei nie. Die pad wat uiteindelik gevolg is, kan as 'n oorwinning vir die generaliserende benadering tot deliktuele aanspreeklikheid, gebaseer op die "elementologiese" metodiek, bestempel word. Waar wil mens 'n beter voorbeeld bekom van 'n geval wat as 'n verdere stap tot die "logiese eindontwikkeling" van die *actio legis Aquiliae* (vgl Van der Merwe en Olivier 7, 227, 308; Van der Walt en Midgley 30-31) bestempel kan word? Die hoop kan alleen uitgespreek word dat ons howe in die vervolgt hierdie voorbeeld sal volg, veral waar hulle gekonfronteer word met maklik verteerbare bronnemateriaal uit die Anglo-Amerikaanse reg wat (oppervlakkig beskou) as billik en regverdig en in ooreenstemming met ons grondwetlike bestel beskou sou kon word.

JOHAN SCOTT
Universiteit van Pretoria